
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [7] 24:36-51 - Getrouheid en verstandigheid

No. E230

Soos gesien, het die dissipels 'n dubbelloop-vraag aan Jesus gestel: oor die val van Jerusalem, en oor die wederkoms (24:3). Hy antwoord hulle dan eers oor die vernietiging van die stad en sy tempel (24:4-35). En dan praat Hy met hulle oor Sy wederkoms (24:36-25:46).

Ons het die eerste deel afgehandel, en begin nou met die tweede deel - 'n deel wat in vele opsigte makliker is om te verstaan.

Soos gesien is daar duidelike en betekenisvolle verskille is tussen die twee gedeeltes. Laat ons nie die "maar" miskyk waarmee die tweede gedeelte - dié oor die wederkoms - begin nie (24:36).

Eerstens sal die val van Jerusalem spoedig plaasvind - nog in die leeftyd van daardie geslag. Maar die wederkoms lê baie ver in die toekoms. Dit impliseer die Here verskeie kere (24:48; 25:5, 19).

Tweedens beklemtoon Jesus dat talle tekens onmiskenbaar duidelik sal toon dat die vernietiging van Jerusalem om die draai is. So spesifiek sal die tekens wees, dat Sy dissipels op 'n baie definitiewe moment moet vlug (15-16). Daarenteen word dit by herhaling beklemtoon dat niemand, niemand vooraf gaan weet presies wanneer die wederkoms sal plaasvind nie.

Derdens sal die tyd voor die val van Jerusalem gekenmerk word deur dramatiese onheil en lyding. Daarenteen sal mense heerlik rustig lewe tot en met die koms van Christus.

Die beheersende feit m.b.t. die

wederkoms

Niemand sal vooraf weet wanneer dit gaan plaasvind nie! Net die Vader sal dit weet; geen mens, nie die engele; selfs nie die Seun self nie (NAV; Mk 13:32). En hierdie feit bepaal alles wat volg.

Daar gaan hoegenaamd nie sulke dramatiese tekens wees soos in die geval van Jerusalem se val nie. Die mense sal besig wees met hulle alledaagse dinge wanneer dit gebeur - net soos voor die sondvloed (38-39). Gelowig en ongelowig, gered en ongered, sal besig wees om rustig saam te werk wanneer die wederkoms op hulle daag (40-41). Tyd vir besinning en bekering sal daar nie wees nie. Een sal geneem word, 'n ander gelos.

Dit lei dan tot 'n lewensbelangrike slotsom. Omdat ons nie weet wanneer dit gaan plaasvind nie, moet ons "waak" (42); omdat die Seun onverwags gaan kom, moet ons altyd "gereed" wees (44).

Dit sal gaan soos met 'n inbraak, sê Jesus. Mens weet nie vooraf wanneer die dief gaan kom nie. Daarom vang dit ons soos klokslag onverhoeds (43; vgl ook 24:50; 25:13). Dit is betekenisvol hoe dikwels die Nuwe Testament hierdie selfde beeld gebruik om die onverwagsheid van die wederkoms te beklemtoon (Lk 12:39; 1Ts 5:2-4; 2Pt 3:10; Op 3:3; 16:15).

Vier gelykenisse

Die dissipels wil meer weet oor die wederkoms. Veral wonder hulle oor wanneer dit sal plaasvind. Hierop gee Jesus vir hulle eintlik net één antwoord: net die Vader weet wanneer dit sal wees. Al wat Hy dus vir hulle kan sê, is dat hulle moet waak en sorg dat hulle enige oomblik gereed is.

Belangrik en fundamenteel soos Jesus se antwoord is, skep dit nou 'n volgende vraag: hóé waak 'n mens; hóé verseker jy dat jy gereed sal wees?

Hierop reageer die Here nou met 4 gelykenisse - eintlik net een, die gelykenis van die getroue en die ontroue slaaf (24:45-51), aangesien die volgende drie uitbreidings op hierdie een is. Jesus begin hierdie

eerste gelykenis: "Wie is eintlik die "getroue" en "verstandige" slaaf ...?"

Die tweede gelykenis (Die 10 meisies) handel dan oor *verstandigheid en dwaasheid* (25:2, 3, 4, 8, 9).

En die derde (Die muntstukke) handel oor die ander begrip, *getrouheid*, want dit vertel van muntstukke wat aan mense *toevertrou* is (25:14, 20, 22), en hoe hulle dan óf *getrou* óf *ontrou* bevind word (25:21, 23).

Nou ontstaan daar noodwendig nóg 'n vraag of twee: as *verstandigheid* dan is om gereed te wees en gereed te bly, en as *getrouheid* dan beteken om met dit wat die Here aan jou toevertrou na die beste van jou vermoë te woeker - hoe kom dit prakties tot uitdrukking? En hoe belangrik is dit régtig?

Dit is wat die Here Jesus in die laaste gelykenis aanspreek. As Hy tot nou toe kripties was in Sy uitsprake, kan niemand enige twyfel hê oor presies wat Hy in hierdie laaste gelykenis bedoel nie. Verstandig en getrou is hy (of sy) wat homself gee, en bly gee, vir selfneerleggende dienswerk en liefdesorg. Só belangrik is dit dat jou ewige lot daarvan afhang.

Die eerste gelykenis: die getroue en die ontroue slaaf (24:45-51)

Hierdie is nie een van die bekendste gelykenisse nie, maar kennelik is dit van die allergrootste belang. Nie alleen is dit die beheersende gelykenis in die gedeelte waarna ons kyk nie, die Here Jesus het dit oënskynlik ook meermale vertel. Ons vind 'n variasie daarvan in Lk 12:35-48 - waar dit nie deel van Lukas se weergawe van Jesus se profetiese rede is nie (Lk 21).

Die getroue slaaf

Lees mens deur die gelykenis, besef jy dadelik dat Jesus met waaksaamheid nie iets passief bedoel nie - soos 'n man wat deur die nag regop sit om sy huis te bewaak. Nee, waaksaamheid loop hand aan hand met aktiwiteit, met besig-wees.

Rasegte Christenskap weet goed dat mens nie die ewige saligheid kan binnedryf nie. Nee, dit lê stroom-op en daarom moet daar sterk gewem word.

Te veel goeie kerkmense dink jou redding is gewaarborg as jy bloot elke Sondag doodstil in die kerk sit. Nee, slegs 'n lewe van aktiewe, gehoorsame en doelgerigte dissipelskap - sewe dae 'n week - lei in die regte rigting. Dis omdat ware redding gepaardgaan met 'n diep hartsverandering. En so 'n nuwe hart het geen rus of duurte as jy nie sy aandrang uitleef nie.

Die gelykenis - trouens, die Bybel in die algemeen - is egter duidelik daarvoor dat dit nie oor besig-wees sonder meer gaan nie. Dit gaan oor uitlewing van die eienaar se opdragte. Dis vanselfsprekend, nie waar nie. 'n Bediende is tog daar om die baas se opdragte uit te voer. Net so eis die Here van ons Bybelgetroue gehoorsaamheid - oftewel rentmeesterskap.

Ook is die gelykenis duidelik: dit gaan oor volhardende besig-wees en gehoorsaamheid. Só moet die Eienaar jou aantref as Hy eendag terugkom.

Wonderlik is die loon wat die Here Jesus hier beloof aan getroue, gehoorsame en volhardende diensknegte. 'n Reuse bevordering is wat die Here hier beloof, as Hy sê dat so 'n persoon oor al die eienaar se besittings aangestel sal word (47).

Die belofte van loon is prominent in die res van die profetiese rede. Die verstandige meisies gaan saam met die bruidegom fees vier. Die woekeraars met hulle talente sal groot vreugde put uit die meerdere verantwoordelikhede wat hulle sal kry. En in die laaste gelykenis gebruik die Here nie meer simboliese taal nie; Hy sê dit reguit: diegene wat hulle lewens gewy het aan liefdesdiens, sal deur die Vader geseën word en die koninkryk beërf wat sedert die skepping van die wêreld vir hulle voorberei is.

Die ontroue slaaf

Oor die ontroue slaaf word ook heelwat gesê.

Hy het vir homself gesê: "my eienaar bly lank weg" (48). Hy het dus 'n lewensinstelling wat nie die komende afrekening in ag neem nie. Hy bly uitstel om die verantwoording wat onontkombaar voorlê in die gesig te staar. Hy lewe nie in die lig daarvan nie.

Voorts lewe hy vir homself ten koste van ander

(49). Dis presies die teenoorgestelde van die lewe wat die Here Jesus in die laaste gelykenis aanprys - die lewe wat hongeriges voed, armes klee, vreemdelinge huisves en die siekes besoek.

Sulke mense se eindbestemming is die ewige verdoemenis - waar hulle tot in ewigheid sal huil en op hul tande kners (51).

Dis 'n toestand van onbeskryflike en onomkeerbare ellende wat William Hendriksen só in sy kommentaar beskryf: "Inconsolable, never-ending wretchedness, and utter, everlasting hopelessness. The accompanying grinding or gnashing of teeth denotes excruciating pain and frenzied anger."

Wat sê dit alles vir ons?

1. In hierdie gelykenis skets die Here vir ons die wese van die egte Christelike lewe.

Met enkele grepe vat Jesus in hierdie gelykenis die groot kontoere van die egte Christelike lewe saam. Hy sal dit verder uitbou in die volgende gelykenisse, maar hier het ons reeds alles in ekstravorm.

Iemand wat op die dag as hy of sy die Here moet ontmoet, nie in die verleentheid sal wees nie, is *verstandig* en *getrou*. Die essensie daarvan is om enduit 'n lewe van toegewyde gehoorsaamheid aan jou Koning te leef. En dit behels grootliks om jou lewe neer te lê vir jou naaste, veral broers en susters in die Here.

Hierdie onselfsugtige dienswerk kan natuurlik op 'n duisend maniere tot uitdrukking kom - enige wyse waarop ek andere se belange dien. En omdat mense met hierdie instelling in die lig leef van die Koning se wederkoms, sal hulle noodwendig voorkeur verleen aan dáárdie dinge wat van ewigheidsbelang is.

2. Die Here vra nie sukses nie; Hy vra getrouheid.

Ons word te maklik gedryf deur die wêreld se beheptheid met sukses - die ambisie om groot te wees in die oë van soveel moontlik mense om my.

Dit beteken nie dat ek en jy nie voortdurend sal poog om so effektief en vrugbaar moontlik ter wille van

ons Koning en ons mede-diensknegte te werk nie. Maar Hy sal my taak, rol en plek in Sy huishouding bepaal. En hiéin moet ek getrou wees en bly.

Inderdaad lê 'n wesentlike deel van getrouheid in volharding. Toe Johannes Calvyn al swak en afgeleef was, het sy vriend Beza by hom daarop aangedring om sy skryf- en dikteerwerk te staak. Hierop was die ou man se verontwaardige reaksie: "Wil jy hê die Here moet my ledig kom kry?" (Institusie I, p.66).

Die stad Pompeii is in die jaar 79 n.C. baie vinnig deur die uitbarsting van vulkaan Vesuvius vernietig. Opgrawings het die oorblyfsels van baie liggame blootgelê. Mense het in allerlei liggaamshoudings gesterf - meestal iewers ingekruip. Een uitsondering is egter die Romeinse poortwachter, wat meer as een-en-'n-half millennium na sy dood steeds penoerent by die stadspoort staan - wapen nog altyd in die hand.

3. Ware Christene leef in die lig van die ewigheid.

Allermins wil ek skuldgevoelens op die Here se getroue diensknegte stapel. Ek weet die meeste van julle is tot breekpunt toe gelaai. En nie almal van ons se vurke is ewe groot nie. Maar kom ek vra jou met al die erns waarom ek beskik: *as die Here nou sou terugkom, sal Hy jou besig vind - of ledig?* Is jy nie dalk, net dalk skuldig aan pligversuim, omdat hierdie wêreld se kompensasies, of die luste van jou sondige natuur vir jou belangriker as die belange van die Koning is nie?

Jy sal saamstem: *die gelykenis is glashelder en onontkombaar duidelik dat ons ter wille van ons ewige lot hierdie boodskap ernstig moet opneem.*

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; of E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.
* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906